U3A STILBAAI

ONDER-VOORSITTER SE VERSLAG: Januarie 2023 tot Desember 2023

INLEIDING

U3A Stilbaai het van krag tot krag in die jaar 2023 gegroei. Stilbaai ondervind ’n toename in afgetredenes en middeljarige persone wat die dorp hul permanente tuiste maak en graag aan groepsnetwerke en -aktiwiteite wil deelneem. Die U3A se maandelikse lesings was van hoogstaande gehalte en die groepsaktiwiteite baie gewild.

LIDMAATSKAP

Teen die einde van 2023 was ons ledetal 405. Die vorige jaar Desember 2022 was dit 321.

FINANSIES

Ons finansiële state word apart ter tafel gelê, die stand van ons finansies is gesond en dit is nie nodig dat ons ledegeld verhoog nie.

Ons eindig die jaar met ’n oorskot van R16 795.40. Aan die einde van 2022 was daar ’n tekort van R4 924.22. Die bankbalans staan op R32 259.00

MAANDELIKSE PRAATJIES

Gedurende 2023 is 11 maandelikse praatjies aangebied. Die gemiddelde bywoningsyfer was 85. Die beperking op die getal stoele is deur die komitee bespreek en sal weer bespreek word.

Die maandelikse praatjies vir 2023 is hieronder gelys.

2023	**Spreker**	**Titel van praatjie**	**Bywoningsyfer**
Januarie 30	Nina du Toit	Wysies wat ons onthou. Die waarde van musiek vir persone met Altzheimer.	93
Februarie 27	Ilsa Basson	Die wonderwêreld van lasers	95
Maart 27	Martin Groenewald	Toepassingsvelde in die filosofie	72
April 24	Pieter van Rooyen	Wyn: Frankryk en Suid-Afrika. Wynkwaliteit en faktore wat dit beïnvloed	71
Mei 29	Rex van Vuuren	Betekenis van drome	116
Junie 26	Naomi van Schalkwyk (en Christina Mars)	Vreemde, fantastiese inheemse plante; Weird and wonderful indigenous plants	77
Julie 31	Brian Tennett	ChatGPT	100
Augustus 28	Roy Kretzen	Faktore wat klante se aankooppatrone bepaal	61
September 25	Niel van Wyk	Die ontstaan en ontwikkeling van bergpasse in die Suid-Kaap	76

Oktober 30	Willie van Staden	Die merkwaardige lewe van Adam Small en sy stryd om erkenning.	76
November 27	Anton van Eeden	Die aarde en sterre: feite en flaters	97

Ons hartlike dank aan al die sprekers vir hul moeite en toegwyding met die voorbereiding en aanbieding van die praatjies.

BULLETINS

Twaalf nuus bulletins is deur wyle Niel van Wyk opgestel aan lede uitgestuur, waarvoor ons baie dankbaar is.

GROEPE

Aandelegroep:

Die Aandelegroep bestaan uit ongeveer 14 lede en byeenkomste vind een keer elke twee maande plaas.

Sameroeper: Deon Grobler.

AI- (Kunsmatige intelligensie-) groep

Hierdie is ’n nuwe groep van 17 lede wat op rekenaartegnologie fokus. Die voor- en nadele van kunsmatige intelligensie geniet veral aandag.

Sameroeper: Brian Tennet

Astronomiegroep:

Deur die jaar het 40 lede die groepsaktiwiteite by Deon Begemann se huis bygewoon.

Botaniese Stapgroep:

Daar is tans 42 mense in die groep, gemiddeld is daar 14 by elke staptog. Die groepsaktiwiteit word deur mense van alle ouderdomme en fisieke bekwaamheid geniet. Die botaniste is weekliks aktief besig om die Stilbaai herbarium uit te brei.

Sameroeper: Christina Mars.

Fotografiegroep:

Die gewilde groepsaktiwiteit word deur 40 persone bedryf en 11 vergaderings is gehou.

Sameroeper: Richard Webb

Neuro-wetenskap Zoom groep:

Tien werksessies is onder leiding van Jenni Sharkey gehou.

Sameroeper: Jenni Sharkey

Stapgroep:

Met 225 lede en is dit tans die aktiefste groep. Daar word elke Vrydagoggend tussen 8 en 14 km ver

gestap.

Sameroeper: Karl-Heinz Niemand

Voëlgroep:

Die groep bestaan uit ongeveer 90 lede. Drie voëlkursusse is aangebied en 10 uitstappies is onderneem. Die groep neem landwyd deel aan wetenskaplike navorsingsprojekte oor voëls. Die Roland Rudd voëlskuiling is opgegradeer en is ’n bate vir die hele gemeenskap.

Sameroeper: Krysia Stenvert.

UITSTAPPIES

Niel van Wyk het 4 bergpasse uitstappies onderneem. Sy uitgebreide kennis van passe in die Suid-Kaap het hy in ’n artikel op die Heritage Portal gepubliseer en is op die U3A se webwerf beskikbaar.

DANKBETUIGINGS

Baie dankie aan Jagersbosch vir die gebruik van Die Waenhuis asook die U3A-bestuur vir hul onbaatsugtige bydrae om van U3A Stilbaai ’n sukses te maak. Die lede van U3A word bedank vir hul positiewe deelname aan al die aktiwiteite. Dit is my wens dat elke lid sy deelname aan U3A moet geniet; niemand moet verplig voel om daaraan te behoort nie. Niel van Wyk se bydrae sal nooit vergeet word nie.

Deon Begemann

Onder-Voorsitter: U3A Stilbaai

26 Februarie 2024

U3A Still BAY

VICE CHAIRMAN'S REPORT: January 2023 to December 2023

INTRODUCTION

U3A Stilbaai grew from strength to strength in 2023. Stilbaai is experiencing an increase in retirees and middle-aged people who make the town their permanent home and would like to participate in group networks and activities. The U3A’s monthly lectures were of high quality and the group activities very popular.

MEMBERSHIP

By the end of 2023 our membership was 405. In December 2022 it was 321.

FINANCE

Our financial statements are tabled separately, the state of our finances is sound and there is no need for us to increase membership fees.

We end the year with a surplus of R16 795.40. In December 2022 there was a deficit of R4 924.22. The bank balance stands at R32 259.00

MONTHLY CHATS

During 2023, 11 monthly talks were presented. The average attendance was 85. The limitation on the number of chairs was discussed by the committee and will be discussed again.

The monthly talks for 2023 are listed below.

2023	**Presenter**	**Title of talk**	**Attendance**
January 30	Nina du Toit	Wysies wat ons onthou. Die waarde van musiek vir persone met Altzheimer.	93
February 27	Ilsa Basson	Die wonderwêreld van lasers	95
March 27	Martin Groenewald	Toepassingsvelde in die filosofie	72
April 24	Pieter van Rooyen	Wyn: Frankryk en Suid Afrika. Wynkwaliteit en faktore wat dit beïnvloed	71
May 29	Rex van Vuuren	Betekenis van drome	116
June 26	Naomi van Schalkwyk (en Christina Mars)	Vreemde, fantastiese inheemse plante; Weird and wonderful indigenous plants	77
July 31	Brian Tennett	ChatGPT	100
August 28	Roy Kretzen	Faktore wat klante se aankooppatrone bepaal	61
September 25	Niel van Wyk	Die ontstaan en ontwikkeling van bergpasse in die Suid-Kaap	76
October 30	Willie van Staden	Die merkwaardige lewe van Adam Small en sy stryd om erkenning.	76
November 27	Anton van Eeden	Die aarde en sterre: feite en flaters	97

Our sincere thanks to all the speakers for their effort and dedication in preparing and delivering these talks.

BULLETINS

Twelve news Bulletins were send out to members. We are grateful to the late Niel van Wyk who did all the work.

GROUPS

Stock group:

The Stock Group consists of approximately twelve members and meetings take place once every two months.

Convener: Deon Grobler.

AI (Artificial Intelligence) group

This is a new group of 17 members that focuses on computer technology. The pros and cons of artificial intelligence receive particular attention.

Convener: Brian Tennet

Astronomy group:

During 2023, 40 members attended the group activities at Deon Begemann's house.

Botanical Walking Group:

There are currently 42 people in the group, and on average there are 14 at each walk. The group activity is enjoyed by people of all ages and physical abilities. The botanists are actively expanding the Stilbaai herbarium every week.

Convener: Christina Mars.

Photography group:

The popular group activity was attended by 40 people and 11 meetings were held.

Convener: Richard Webb

Neuro-science Zoom group:

Ten workshops were held under the supervision of Jenni Sharkey.

Convener: Jenni Sharkey

Hiking group:

There are currently 225 members and is the most active group. Every Friday morning between 8 and 14 km are walked.

Convener: Karl-Heinz Niemand

Bird Group:

The group consists of approximately 90 members. Three birding courses were offered and 10 field trips were undertaken. The group participates nationwide in scientific research projects on birds. The Roland

Rudd bird hide has been upgraded and is an asset for the whole community.

Convener: Krysia Stenvert.

EXCURSIONS

Niel van Wyk undertook 4 mountain pass excursions. He published his extensive knowledge of passes in the Southern Cape mountains in an article on the Heritage Portal and is available on the U3A website.

ACKNOWLEDGMENTS

A sincere word of thanks to Jagersbosch for the use of Die Waenhuis as well as the U3A management for their selfless contribution to make U3A Stilbaai a success. The members of U3A are thanked for their positive participation in all the activities. It is my wish that every member should enjoy his/her participation in U3A and that no one should feel obliged to belong to it. Niel van Wyk's contribution will never be forgotten.

Deon Begemann

Vice-Chairman: U3A Stilbaai

February 26, 2024